# RESENSIES

B J van der Walt

## GODSDIENS EN SAMELEWING. CHRISTELIKE BETROKKENHEID OP DIE MARKPLEIN.

PU vir CHO: I.R.S. 148 pp.

(English Translation. Religion and Society. Christian involvement in the public square. 86 pp.)

Seker soos nog nooit van tevore nie is duidelike riglyne ten opsigte van die Christelike betrokkenheid by die samelewing van belang. Verskillende skole wat probeer om aan te dui hoe hierdie betrokkenheid daar moet uitsien bestaan egter. Bennie van der Walt is nie skaam om self duidelike riglyne te gee nie. Hy stel dit ook baie duidelik dat hy die gereformeerde oortuiging van die heerskappy van God as absolute uitgangspunt neem.

Die Christendom se swak punte in sy mondering word uitgewys. Tien aspekte word aangedui. Hy wil dan rigting aandui deur tien agendapunte aan te dui van 'n nuwe soort Christendom. Hy stel die volgende voor:

1. 'n oortuigende 2. integrale 3. betrokke 4. ekumeuniese 5. koninkryksgerigte 6. radikale 7. normatiewe 8. Afrika-gerigte 9. visionêre en 10. sosiale Christendom.

Vanuit hierdie perspektief benader hy die verskillende aspekte van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, naamlik die samelewing; die politieke terrein; die terrein van fundamentele regte; die ekonomiese terrein en die terrein van geloof.

Van der Walt is skerp krities en aanvaarbare Westerse standpunte word deeglik oorweeg en dikwels te lig bevind. Kapitalisme, bevoordeel word skerp gekritiseer. Ten spyte daarvan is hy van oortuiging dat die unieke verlossende boodskap van Jesus Christus juis die laaste woord het. Dié verlossende boodskap bring heil vir die hele gemeenskap. Dié heil bring hoop vir Afrika. Daar kan geen twyfel wees dat Van der Walt ten volle erns maak met die situasie en Afrika,

die nood van Suid-Afrika en die unieke oplossing van die evangelie nie.

Wat duidelik uitgespel moes word, is hóé dit dan nou in die Afrika van vandag anders moet verloop. Die unieke van die Evangelie-boodskap kan immers nie prys gegee word nie. Hoe moet dié boodskap in Afrika vandag anders lyk om dan vir dié situasie heil in te hou'. Met dié worsteling is ons na my mening nog die klaar nie.

- [Note. The English translation has a note on Kuyper and different emphases here and there but in essence the same message is discussed.]
  (Bestel van IRS, P.U. vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.)
  **Prof P Verster**

G J Fanabe (Ed.)

# RELIGIONS OF JAPAN IN PRACTICE PINCETON READINGS IN RELIGIONS.

New Jersey: Princeton Univ. Press. 1999

Hierdie werk bestaan uit 'n reeks artikels oor onderwerpe wat godsdiens in Japan raak in. Verskeie en uiteenlopende sake word aangeraak. Die hoofindelings is soos volg:

1. Etiese praktyke.
2. Rituele praktyke.
3. Institusionele praktyke.

Onder etiese praktyke word sosiale waardes, geestelikes se voorkeure en godsdienstiges se voorkeure behandel. Kort artikels, byvoorbeeld oor die betekenis van Yen vir die bewaring van die vaderland word behandel.

Wat rituele betref, word verwys na die groter geeste rituele van realisering en geloof. Antieke Japanse geloofsoortuigings word